**HOËRSKOOL WOLMARANSSTAD**

**SKEPPENDE KUNS**

---

| | |
|---|---|
| **GRAAD:** | **8** |
| **VRAESTEL:** | **1 MEMORANDUM** |
| **DATUM:** | **20 NOVEMBER 2019** |
| **TYD:** | **1½ UUR** |
| **TOTAAL:** | **80** |
| **EKSAMINATOR:** | **ME. E. VAN DER LINDE** |
| **MODERATOR:** | **ME. E. PURCHASE** |

---

**Dié vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS en 7 bladsye.**

---

**INSTRUKSIES:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Afdeling | A: | Drama | (40 punte) |
| Afdeling | B: | Visuele kunste | (40 punte) |

- Beantwoord ALLE vrae volledig.
- Nommer die vrae soos op die vraestel.
- Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
- Skryf netjies en leesbaar.

**STERKTE!**

Afdeling A: Drama

Vraag 1:

Is die volgende stellings waar of onwaar.

1) Opwarming berei jou liggaam emosioneel voor vir 'n aktiwiteit.
   Onwaar √ (1)
2) Die vestiging van vertroue is 'n belangrike aspek van groepaktiwiteite omdat dit sterker bande tussen die lede van die groep smee.
   Waar √ (1)
3) Asemhaling en stemopwarming vorm deel van stem ontwikkeling.
   Waar √ (1)
4) Poësie het paragrawe as eenhede van gedagtes, opmerkings of beelde oor 'n sentrale tema.
   Onwaar √ (1)
5) Prosa is volsinne wat een gedagte op 'n keer ontwikkel, en verklaar hoe dit met die onderwerp verband hou.
   Waar √ (1)

**[5]**

Vraag 2:

Kies die korrekte item in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas.

Skryf die korrekte letter langs die nommer, bv. 1) H

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1) Crescendo | A) Om jou met 'n ander se situasie of gevoelens te vereenselwig en dit te begryp. |
| 2) Eiesoortig | B) Die spoed waarmee jy dinge doen. |
| 3) Empatie | C) Die proses van opbou na 'n punt van groot intensiteit en volume. |
| 4) Tempo | D) Anders as die res; spesiaal |
| 5) Gedramatiseerde prosa | E) Interessante manier om geskrewe prosa, wat nie oorspronklik vir uitvoering bedoel was nie, op te voer. |

1) C √

2) D √

3) A √

4) B √

5) E √

**[5]**

Vraag 3:

Beantwoord die vrae wat volg.

3.1) Noem twee verskille tussen poësie en prosa. (4)

| Prosa | Poësie |
|---|---|
| Volsinne | Korter reëls, geen sinne nie, 'n paar frases of soms net een woord. |
| Paragrawe as eenhede van gedagtes, opmerkings of beelde oor 'n sentrale tema. | Strofes as eenhede van gedagtes, opmerkings of beelde oor 'n sentrale tema. |
| Geen formele struktuur waarvolgens die sinne ontwikkel nie. | Ritme in elke versreël ingebou, versreëls wat rym, en woorde wat gekies word vir hulle betekenis sowel as hulle klank. |
| Volsinne wat een gedagte op 'n keer ontwikkel, en verklaar hoe dit met die onderwerp verband hou. | 'n Versameling kort, gevarieerde gedagtes of beelde sonder om hulle te verklaar of met die onderwerp in verband te bring. |

√√√√

3.2) Wat beteken dit om te improviseer. (1)

Om te improviser, beteken dat jy die aksie opmaak soos jy aangaan. √

3.3) Noem drie eienskappe van 'n tragedie. (3)

a) In tragedie word die lewe baie ernstig beskou. √
b) 'n Tragedie het gewoonlik een hoofkarakter waarmee die gehoor empatie het. √
c) Tragedie eindig meestal op 'n hartseer of ernstige noot. √

3.4) Gee drie maniere om die vermoë van fokus en konsentrasie te verbeter. (3)

a) Luister aandagtig na mekaar. √
b) Moet nie toelaat dat julle aandag afgelei word nie. √
c) Verseker dat julle groepsenergie opbou. √

3.5) Wat beteken asemhalingskapasiteit? (1)
Dis die hoeveelheid asem wat ons in ons longe kan intrek. √

3.6) Watter drie spiere is verantwoordelik vir asemhaling? (3)

a) Maagspiere √
b) Diafragma √
c) Tussenribspiere √

3.7) Bespreek die volgende vaardighede by die lees van 'n gedig:

a) Tempo en toonhoogte (1)
b) Beweging (1)
c) Kontak met die gehoor (1)
d) Helderheid (1)
e) Visualisering (1)

a) Tempo en toonhoogte: Die tempo en toonhoogte vaag die stemming van die gedig vas. √
b) Beweging: Moenie jou gedig met handelinge vertolk nie, maar gebruik beperkte beweging of postuur om jou gedig se stemming te weerspieël. √
c) Kontak met die gehoor: Jy wil met jou gehoor kontak maak deur die emosies van die gedig in jou voordrag vas te vang en hulle so met die gehoor te deel.√
d) Helderheid: Jy moet altyd goeie projeksie en diksie hê. √
e) Visualisering: Gebruik al jou sintuie om die kleure, geure, teksture, gevoelens en eienskappe wat jy beskryf voor jou op te roep. √

3.8) Gee 6 kenmerke van n lofdig. (6)

a) Gee aan n persoon, plek of gebeurtenis eer, dank of hulde betoon; √
b) Die struktuur van die lofdig word deur die digter bepaal; √
c) Ritme en klank is noodsaaklik, maar nie rym nie; √
d) 'n Beskrywing van die persoon waaroor die lofdig handel; √
e) Die beelde is dramaties en sterk, en kom dikwels uit die plaaslike omgewing of die wyer heelal; √
f) Word dikwels direk aan die vereerde persoon en die mense wat die geleentheid bywoon voorgedra; √
g) Word voorgedra deur 'n enkele kunstenaar; √
h) Verwys dikwels na spesifieke aksies of besluite van die persoon wat vereer word; √
i) Dit weerspieël die geskiedenis as n volk of individu; √ en
j) Kan baie herhalend wees wat format en styl betref. √

**(Enige 6 van die bogenoemde)**

3.9) Noem twee eienskappe van n komedie. (2)

a) Ons lag vir of saam met die karakters; √ en
b) Eindig meestal opgewek en vrolik. √

3.10) Wat is 'n pop/marionet? (1)
Dis n lewelose objek wat lewendig lyk deur vaardige manipulasie. √

3.11) Gee die betekenis van ekonomiese status. (1)
Hoe ryk of arm jy is. √

**[30]**

**AFDELING A: 40**

Afdeling B: Visuele kunste

Vraag 1:

Is die volgende stellings waar of onwaar.

1.1) Kunselemente is die dele van 'n afbeelding wat die kunstenaars kan verander en rondbeweeg.
Waar √ (1)

1.2) Graffiti is die jongste weergawe van'n lang tradisie in muurkuns.
Waar √ (1)

1.3) Uitnemende graffiti bestaan slegs uit woorde en nie uit prente nie.
Onwaar √ (1)

1.4) Kuns word gewoonlik gemaak om n ate kyk, versamel en in spesiale plekke soos n museum gehou te word.
Waar √ (1)

1.5) Suid-Afrikaanse ontwerpers volg en boots gewoonlik nasionale modes na.
Onwaar √ (1)

**[5]**

Vraag 2:

Kies die korrekte item in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas.

Skryf die korrekte letter langs die nommer, bv. 1) H

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1) Primêre kleure | A) Oranje, groen en pers |
| 2) Sekondêre kleure | B) As jy in die openbaar op mure skryf. |
| 3) Analogiese kleure | C) Rooi, geel en blou |
| 4) Graffiti | D) Is gewoonlik funksioneel en met die hand gemaak. |
| 5) Kunshandwerk | E) Kleure wat na aan mekaar op die kleurwiel is. |

1) C √

2) A √

3) E √

4) B √

5) D √

**[5]**

Vraag 3:

Beantwoord die vrae wat volg.

3.1) Noem vyf kunselemente. (5)

a) Kleur √

b) Toonwaarde √

c) Lyn √

d) Vorm √

e) Komposisie √

3.2) Gee ses tersiêre kleure. (6)

a) Rooi-oranje √

b) Geeloranje √

c) Geelgroen √

d) Turkoois √

e) Koue pers / bloupers √

f) Warm pers / rooipers √

3.3) Noem en bespreek die sewe ontwerpbeginsels. (14)

a) Eenheid en harmonie: √

Kan verkry word deur die herhaling van voorwerpe. √

b) Verskeidenheid: √

Verskillende elemente maak die beeld interessant. √

c) Klem of fokuspunt: √

Beklemtoon die middelpunt van belangstelling. √

d) Balans: √

Balanseer die elemente in 'n komposisie. √

e) Ritme: √

Herhaalde patrone. √

f) Skaal en proporsie: √

Elke vorm in n komposisie het n verband met die ander vorms. √

g) Ruimte: √

Mislei die oog. √

3.4) Kan graffiti as positief of negatief gesien word? Motiveer. (2)

Positief. √ (Enige relevante rede √)

OF

Negatief. √ (Enige relevante rede √)

3.5) Noem drie warm kleure. (3)

a) Rooi √

b) Geel √

c) Oranje √

**[30]**

**AFDELING B: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**